

Die eerste Robert Naylor Laurie

Dirk Pieter Laurie (a1b2c5d1e1)

12 Julie 2016

Die meeste Suid-Afrikaners met die van Laurie (en 'n hele klompie met Laurie iewers in hulle voorname, al is dit dalk vervroulik na Laurika of Laurinda) voer hulle afkoms terug na Robert Naylor LAURIE (a1). Maar wie was hy?

Die tradisionele storie, oorvertel van geslag na geslag, word weergegee in Cornelis Pama se boek oor Afrikaanse familiname, *Heraldiek in Suid-Afrika* (Human and Rousseau, 1983).

Stamvader: Robert Naylor Laurie, 'n skeepskaptein wat die Kaap tussen 1840 en 1850 reëlmatig met sy skip aan doen. Trou 9.12.1850 in Wynberg(Kaap) met Coenradina Wilhelmina Magdalena Albertyn, geb. 1829, oorl. 1895. Hulle het na Nieu-Seeland verhuis, waar Robert oorlede is. Die moeder het met 4 kinders na Suid-Afrika teruggekeer en onderweg is nog 'n kind ter see gebore. Dié familie is Afrikaanssprekend.

Veral danksy die harde werk van Jane Hofmeyr (a1b2c4d2e1) weet ons nou dat Robert die oudste seun was van John Laurie en Julia Susan Laurie, geb. Pilford, en dat baie van bostaande ten beste misleidend is, of selfs totaal verkeerd.

1. In 1850 was Robert nie 'n matroos wat gou in een van sy vele hawens 'n jong vroujie kom trou het om hom na sy aftrede te versorg nie, maar 'n jong man wat werk kom soek het nadat ses jaar in die Britse leer in Indië hom fisiek afgetakel het.

2. Daar was geen gereelde besoeke aan die Kaap nie, maar ons sal sien dat Robert waarskynlik 'n hele jaar (waartydens hy vyftien geword het) saam met sy ouers aan die Kaap deurgebring het.
3. Die emigrasie na Nieu-Seeland het nie kort na die huwelik plaasgevind nie, maar wel byna agt jaar later.
4. Die eerste vier kinders is aan die Kaap gebore en in Wynberg gedoop. Die vyfde kind is in Nieu-Seeland gebore en daar gedoop.
5. Robert se weduwee het hertrou en is as Magdalena Wilhelmina VISSER in 1885 (nie 1895 nie) oorlede.

Verder kan ons danksy Kitty Watkins, 'n afstammeling van John se broer William, en haar medewerker Rob Alexander, 'n professionele genealoog van Surrey in Engeland, die Laurie-stamlyn terugvoer na die tyd (maar nie die familie nie) van die legendariese Annie Laurie.

Die vraag oor wie nou eintlik as die stamvader beskou moet word, duik opnuut op. Daar is 'n saak voor uit te maak dat Robert se pa John, wat tydens sy verblyf aan die Kaap 'n kind laat doop en begrawe het, aan die vereistes voldoen. Maar laat ek eers die storie vertel, dan kom ons later terug na die vraag.

Robert se ouers het albei interessante lewens gehad.

John Laurie

John LAURIE (1794–1860) was 'n agterkleinseun van William LAURIE (1681–1780), 'n koopman van Dumfries in Skotland; 'n kleinseun van Robert LAURIE (1725–1774), 'n chirurg by St Bartholomew's Hospital in Londen; en 'n seun van John LAURIE (1756–1830), 'n vervaardiger van mediese instrumente en prosteses by dieselfde hospitaal.

Alhoewel William 'n gesiene man was wat as vrederegter (*baillie*) aan die openbare lewe deelgeneem het, is daar geen rede om te dink dat hy naby verwant aan Robert LAURIE, die baronet van Maxwelton en broer van die besonge Annie LAURIE, was nie. John se jonger broer Robert (1806–1882), wat van beroep 'n heraldikus was met die verantwoordelikheid om aansprake op adellike afkoms te kontroleer (hy was van 1859 tot sy dood Clarenceux King of Arms, die tweede hoogste posisie van sy soort in Engeland) sou sekerlik so 'n verwantskap opgespoor het as dit bestaan het.

John was 'n artillerie-offisier wat in Bombaai in Indië geplaas was, Hy het 'n medalje verwerf vir "the spirited manner in which the guns were served" tydens die Slag van Kirkee (1817) en is op grond daarvan in 1818 (op ouderdom 23) tot kaptein bevorder. Sy latere loopbaan was minder skouspelagtig. Vroeg in 1837 het hy die veldrang van majoor gehad; einde 1838, met die afsterwe van sy bevelvoerder, het dit 'n volle majoorskap geword, maar in Augustus 1839 het hy uit aktiewe diens getree en in Londen gaan woon. Hy is in 1854 tot luitenant-kolonel bevorder, al het hy reeds in 1842 amptelik afgetree. Dalk het hy in 'n minder amptelike hoedanigheid steeds takies vir die weermag gedoen, want sy seun Charles Frederick Guise Newnham LAURIE (ons sal byna dieselfde naam weer teenkom) is in 1843 in Coblenz, Pruiise, gebore. 'n Mens kan jou nie indink dat 'n hoogs swanger Julia sommer net vir die lekker so 'n reis sou onderneem het. Moontlik moes John omrede van sy werk vir 'n geruime tyd daar woon.

In 1837 het die Laurie-familie meer as 'n jaar lank in die Kaap oorgebly. Waarskynlik was majoor John LAURIE met ongeskiktydsverlof. Op daardie stadium was daar vyf kinders in die gesin; nog drie is as babas in Indië oorlede. In hierdie jaar is 'n dogtertjie (Victoria Louise) gebore wat egter net sewe maande oud geword het. Sowel haar doop in die St. George-kerk (eers later 'n katedraal) as haar afsterwe te Stellenbosch is in die Commercial Advertiser gerapporteer.

In 1847 was hy 'n vermoënde man wat vyf bediendes aangehou het, volgens die getuienis van een van hulle wat aangekla is dat sy twee rokke van Julia se dogter gesteel het, skuldig bevind is, en vir nege maande tronk toe gestuur is.

John se ma Frances het daarop aanspraak gemaak dat sy 'n buite-egtelike dogter van Sir John Guise (1733–1794), die baronet van Highnam Court was. Wat wel vasstaan, is dat Sir John die wenkbroue laat lig het deur in sy testament beduidende erflatings te maak aan Frances en haar vol-suster Charlotte al was sy eie vrou nog in die lewe. Hy moes hulle tog openlik tydens sy lewe as dogters erken het, want Charlotte het met Sir George Nayler getrou, ook 'n heraldikus, wat die pos van Clarenceux King of Arms beklee het voor hy bevorder is tot Garter King of Arms, die magtigste pos in heraldiek in Brittanje. Sou só iemand in daardie tyd met 'n vrou van 'n laer stand getrou het?

Julia Susan Pilford

Julia Susan Pilford (1806-1886) was die dogter van kapt. Alexander Pilford (c.1877-1821), die betaalmeester van die 67ste regiment van die Britse leër. Hy het in 1804 die rang van luitenant-kaptein verkry deur 'n sekere som geld te betaal, wat daarop dui dat hy uit 'n vermoënde familie gekom het.

Ons weet nie waar sy gebore is nie. Twee van Engeland se tienjaarlikse sensusopnames sê dit was Ierland, een Middlesex. Dalk het haar man daardie keer die praatwerk gedoen.

Kapt. Pilford het met sy vyfjarige dogtertjie en haar nog jonger boetie, ook Alexander, in 1812 in Indië aangekom. Sy vrou Susan was nie op daardie skip nie, en het eers later met Julia se sussie Caroline by hom aangesluit. Ons weet nie wanneer nie, ook nie op watter stadium Susan se jongste dogter Louisa in Indië gebore is nie.

Hy is onder duistere omstandighede in 1821 oorlede. Die betaalmeester van die 67ste Voetregiment het reeds in 1819 onder verdenking gekom, en sy testament toe gemaak. Teen 1821 het verdenking gevorder tot 'n amptelike ondersoek, maar daar was nooit 'n krygsverhoor nie. Voor dit kon gebeur, het die kaptein eerbaar gesterf op die ouderdom van 44 jaar. Na sy dood het die leër etlike onsuksesvolle pogings aangewend om die bedrag van 58000 rupees (ter waarde van meer as ses miljoen rand¹ in 2016) uit die boedel te verhaal.

Susan is verpletter deur hierdie gebeure. Ongeveer drie jaar daarna het sy haar eie keel probeer afsny met 'n bottel wat sy met daardie doel gebreek het, maar Caroline het haar betyds gekeer.

Toe kapt. John LAURIE op 18 Oktober 1821 in Bombaai met Julia PILFORD trou, was hy 27 jaar oud, sy slegs 15, 'n weeskind van 15 wie se ma 'n senuwrak was.

In 1826, nadat Caroline veilig afgetrou is aan Charles Frewin LAURIE, 'n jonger broer van John, het Susan met die twee jonger kinders na Engeland vertrek. Sy het eers 1832 teruggekeer na Indië, toe Alexander op sy beurt by die leër aangeluit het. Julia was ook op daardie skip, maar ons weet nie wanneer sy op eie houtjie na Engeland gereis het nie.

Die Lauries het agt kinders in Indië gehad, waarvan drie as babas oorlede is. Van 'n vierde is niks bekend behalwe dat sy gebore is nie. Hulle

¹n Een-rupee-muntstuk het 178 grein silwer bevat.

eerste kind, 'n dogtertjie wat elf maande na die troue oorlede is, het net twaalf dae oud geword en is nooit gedoop nie. Behalwe Victoria, het hulle na hulle terugkeer nog twee seuns gehad.

In byna al die bronne wat ons het, word die kaptein se van Pilford gespel. In sy testament is dit egter Pilfold. Dit is ook hoe Susan en haar kinders dit gespel het. Klein afwykings in spelling was nie in daardie tyd ongewoon nie, maar 'n mens wonder. Die kaptein het sekerlik geweet sy doppie is geklink, en die naam Pilford sou met oneer besmet word. Deur die spelling te verander, kon die oorlewendes beskerm word. Die plannetjie het amper gewerk: as dit nie vir 'n sekere voorval was waarby ek nou-nou gaan uitkom nie, het die geheim nooit uitgelek nie.

Toe die naam eers verander is, het dit die teelaarde geskep vir 'n familielegende wat deur 'n kleinseun van Julia, self 'n oudstryder, op papier gestel is in die uniek-Britse tydskrif *Notes and Queries*. Daar is geen beter manier om die tydskrif en tewens Garnett self te beskryf, as om hom self aan die woord te stel nie.

In Serie 11, Nommer 6, skryf hy:

My maternal grandmother, Lady Laurie, was Miss Julia Pilfold, the daughter of Capt. Alexander Pilfold. 67th Hampshire Regiment, and the granddaughter of Capt. Pilfold, R.N., who commanded H.M.S. Ajax at the Battle of the Nile. She was first cousin to Percy Bysshe Shelley the poet, whose mother, Lady Shelley, was the daughter of Charles Pilfold of Effingham, in Surrey.

Legend also has it that the Pilfolds are related to Richard Penderil, who hid with his Majesty King Charles II in an oak tree at Boscobel.

Daar is twee feitfoute in bostaande: die onbenullige een dat kapt. Pilfold by die Slag van die Nyl die bevelvoerder van die *Ajax* was (in werklikheid was dit by die Slag van Trafalgar), en die ernstige een dat kapt. John Pilfold die pa van Alexander Pilford was. Toe Alexander Pilford op ouderdom 44 oorlede is, op 28 March 1821, was kapt. John Pilfold net 52 jaar oud. Dit maak hom agt jaar oud op die dag toe hy pa sou geword het.

'n Vergissing van hierdie omvang kon net in die disfunksionele brein van die versteurde Susan ontstaan het.

Dit is nie die enigste aanspraak op roem wat Garnett maak nie. In Serie 10, Nommer 7 van *Notes and Queries* skryf hy:

My maternal grandfather, the late Col. Sir John Laurie, R.A., eighth Baronet of Maxwelton, creation 1685 Nova Scotia, was considered to have a claim to the earldom; and there was a transference of lands in Dumfriesshire from the Earl of Glencairn to the grandfather of the first Laurie baronet in the middle of the sixteenth century, which territory to this day has not been alienated.

Die aanspraak dat John Laurie geregtig was op die baronetskap van Maxwelton is in 1899, 'n paar jaar voor Garnett sy notas heskryf het, gemaak deur Julia se jongste broer Henry Alfred LAURIE (1845–1921), as deel van sy eie aanspraak op die vakante titel. Maar ons weet reeds dat sy oom, die professionele heraldikus, nooit so 'n aanspraak gemaak het nie.

Julia het heel waarskynlik nie self hierdie stories uitgedink nie, maar dit heelhartig haar eie gemaak. Toe sy hoor haar man het Sir John Guise in sy voorgeslag, al was dit aan die verkeerde kant van die kombers, en Sir George Naylor as aangetroude oom, moes sy gevoel het sy moet darem haar kant ook bring. Indien nie op Julia se aandrang nie, dan wel met haar volle goedkeuring, is die name Naylor, Guise en Pilfold aan talle van haar kinders en kleinkinders gegee. Afstammelingen van haar met daardie voorname woon vandag nog in Suid-Afrika.

Die feit dat die bejaarde Sir George vier dogters gehad het, maar geen seuns nie, moes 'n belangrike rol gespeel het in die besluit om sy neef se seun Robert na hom te vernoem.

Die insident wat alles op die lappe laat kom het, was die dood van Susan Pilfold op 18 Februarie 1870, of meer spesifiek die betwisting van haar testament. Kort voor haar dood het sy al haar kinders onterf en die geld aan 'n liefdadigheidsorganisasie bemaak. Haar oorlewende kinders, die drie susters Julia Susan LAURIE, Caroline Emma LAURIE en Louisa Maxwell Bruton ROWLAND het die erflating betwis op grond van die afgestorwene se kranksinnigheid. 'n Dokter het getuig dat sy kort voor haar dood nie haar eie naam kon onthou nie, en Caroline het die spyker dieper ingeslaan deur die gebeure rondom kapt. Pilford se dood, insluitend haar ma se poging tot selfmoord, met geur en kleur te vertel. Party gesinne sou so 'n geraamte in die kas gelos het, maar onthou: as

die Britse Leër reg geskat het, is dit kapitaal van R6 miljoen waarvan ons nou praat.

Robert Naylor LAURIE

Robert Naylor LAURIE (1823-1859) is op Ahmednuggur (nou Ahmednagar), 200km oos van Bombaai (nou Mumbai) gebore, waar kapt. John Laurie op daardie stadium geplaas was. Hy het (vanaf waarskynlik einde 1838) skoolgegaan in Londen.

Iemand anders wat op dieselfde skool was, vertel:

It was decided that we should go to a great preparatory school of those days for the military colleges of the Queen's and East India Company's services, kept by Messrs. Stoton and Mayor at Wimbledon. The school was a large one, and would be thought a rough one now. The only washing-place was a room on the ground floor, with sinks and leaden basins in them, to which we came down in the morning to wash our hands and faces. There was very little taught but mathematics for the army boys, and classics for those destined for Haileybury, the East India Company's college for the Indian Civil Service.

Let op die wiskunde!

Op 1 September 1840 sluit Robert by die leër aan as tweede luitenant, en na vier maande basiese opleiding word hy ingedeel by die 15th Native Infantry (hy is mos gebore in Indië), nes sy pa 'n artillerieoffisier. Hy arriveer 30 Januarie 1841 in Bombaai. Einde 1841 is hy op die skip *Zenobia* (toevallig ook die naam van die vrou van een van sy nasate) van Bombaai na Karatsji, maar kort daarna keer hy terug na die Bombaai-omgewing, trouens na sy geboortedorp.

Op 3 Julie 1844 word hy tot luitenant bevorder, en in 1846 uitgesonder as iemand wat vlot is in Hindustani.

Die laaste keer wat ons van hom hoor voordat hy in 1847 bedank, is dat hy na 'n nuwe regiment, die 29th Native Infantry, oorgeplaas word. Op 19 Julie 1847 skud hy die stof van Indië van sy voete af en vertrek met die *Semiramis* na Suez. Die kanaal het nog nie bestaan nie, en hy sou met 'n perdewa na Kaïro moes reis, en dan met 'n rivierboot af na Alexandrië, vanwaar hy 'n ander skip na Engeland sou kon haal.

Robert se ontslag uit die leër was op eie versoek. So iets is nie sommer toegestaan nie, en 'n mens moet aanvaar dat hy soos sy pa, ongeskik vir aksie was. Hy was die volle maande van April en Mei 1847 met uitgebreide siekteverlof, wat reeds voor April (ons weet nie hoe lank nie) moes begin het, en het moontlik nooit weer sy volle kragte herwin nie.

Indië in die middel van die 19e eeu was 'n ongesonde plek. Ja, daar was veldslae ook, maar erger was die epidemies van cholera en ander siektes. Moderne mediese sorg het nog nie bestaan nie — eers twintig jaar later het sulke basiese middels soos antiseptika in gebruik begin kom. Behalwe sy boetie en sussies wat as babas dood is, het sy oom Charles (wat met Julia se suster Caroline Emma getroud is) in 1834 op ouderdom 32 in Indië gesterf, kort na die dood van hulle babatjie. Ook Robert se eie jonger broer George, wat in 1848 by die leër aangesluit het, is net vier jaar later as soldaat in Indië dood.

Majoor John en sy familie het egter genoeg invloed gehad dat Robert toegelaat is om as 'n lid van die Byrne-groep na Natal te emigreer. Hy sou 'n plaas van 45 akker kry, en is as 'n nuwe immigrant met naam en beroep "surveyor" in die Natal Witness individueel genoem.

Toe die *Sovereign* na 120 dae op see uiteindelik in Maart 1850 land, was die owerhede nog nie reg vir die nuwe immigrante nie. Meer as 500 mense is gehuisves in barakke, hutte en tente, en eers drie maande later is hulle grond aan hulle uitgedeel. Weliswaar was die plase toe groter: elke immigrant het 25 akker meer gekry, maar Robert was nie meer daar nie. Het die hitte, humiditeit en suikerplantasies hom te veel aan Indië herinner? Bes moontlik, maar ek dink nie so nie.

My raaskoot is dat die brose jongman nooit enige voorneme gehad het om werklik die veeleisende lewe van 'n suikerboer te gaan voer nie. Op die beïndrukke ouderdom van 14 (as ons aanvaar dat hy steeds deel van John en Julia se gesin was tydens sy verlofjaar) kon hy maklik die Kaap leer ken en liefkry het. Die *Sovereign* het heel waarskynlik nie in Kaapstad vasgemeer het nie — slegs die paar passassiers met bestemming Kaapstad sou aan wal geneem, en vars voorrade ingeskeep word — maar die uitsig op Tafelberg sou hom aan die hart geruk het. Dit is nie ondenkbaar dat 'n vindingryke man van Skotse afkoms die immigrasieskema as voorwendsel kon gebruik om 'n reis na Suid-Afrika te bekom nie.

Wat wel 'n feit is, is dat hy nie gras onder sy voete laat groei het nie. Op 15 Junie 1850 was hy reeds in die Kaap met 'n tekort aan harde

kontant. Op daardie dag het hy 10 pond by Benjamin Norden geleen, iemand wat deur 'n nasaat van hom saam met sy broer Abraham as "groot filantropie" beskryf is. Norden het hom in April 1851 vir skuld gedagvaar. Daarvoor moet ons hom ewig dankbaar wees, want dit is hoekom die kwitansie vir die lening vir ons oë bewaar is.

Die troudatum en die naam van Robert se vrou word korrek weergegee in Pama se relaas. Ses maande om 'n vrou die hof te maak en te trou klink na vinnige werk, maar die haas was nodig: klein John Albertyn Pilfold Laurie is op 5 Augustus 1851 gebore, 35 weke na die troue — geen tyd om die grootouers met seepos te ontbied nie! John en Julia het darem daarin geslaag om betyds vir die doop op 14 September 1851 op te daag en as doopgetuies op te tree.

Nog drie kinders is in die Kaap gebore en gedoop: Henry Guise (1853), Gertrude Annie (1855), later bekend as Geertruida Anna, en Christoffel Robert (1857), wat as volwassene 'n beëdigde verklaring gemaak het dat die naam Robert Christoffel LAURIE na hom verwys. Daar was dus 'n seun met die naam Robert, soos die familietradisie loop, maar nie met die presiese voorname van sy pa nie.

Robert Naylor Laurie se wiskundige opleiding het hom in staat gestel om as landmeter te werk, en sy eerste aanstelling in die Kaap was as padinspekteur. In 1852 was daar 'n insident (waarvan ons niks verder weet nie) as gevolg waarvolgens hy 'n formele apologie (wat wel behoue is) aan die agerende Staatssekretaris moes maak. Hy was in 1854 steeds in die kantoor van die Siviele Ingenieur, maar soek gedurig sagter werk. Die Kaapse Argief bewaar ook 'n hartroerende pleidooi uit daardie jaar dat sy vrou die werk van matrone in die vrouetronk moet kry: "I have applied for many situations but this of all I would most prefer as it provides for my wife a living independent of myself." As ons dit saamlees met die feit dat hy kort voor sy ontslag meer as twee maande op siekteverlofwas, en net 35 jaar oud geword het, kom daar 'n prentjie uit van iemand wat geweet het hy sal nie ou bene maak nie.

Ongeveer 1855 kry hy werk as boswagter, moontlik danksy sy swaer Christoffel Francois ALBERTYN, wat ook een was. Hier loop hy sy rieme styf. Hy verkoop in 1856 hout wat hy self vir sy eie rekening gekap het, en word aangekla, beboet (ongeveer R8000 in 2016 se geld), gedwing om te bedank, en 'n paar dae lank in die tronk gehou totdat 'n vriend, 'n sekere dr. Drew, die boete namens hom betaal.

Hy reis weer na Engeland, maar sy pa stuur hom terug na Suid-Afrika om self te kom regmaak (hopelik met darem 'n fris bedraggie kontant).



Figure 1: Die ingevalle *Church of the Most Holy Trinity* (2011), byna regoor die huis waar Robert Naylor Laurie en sy gesin in 1859 in Lyttelton, Nieu-Seeland, gewoon het. 'n Nuwe gebou wat uit die reste van hierdie en 'n ander ou kerk saamgestel is, staan nou op die perseel.

Hy kan egter nie werk kry nie, want niemand wil die houtstorie vergeet nie, en in 1858 vat hy sy gesinnetjie na Nieu-Seeland.

Op 4 November 1858 gooi die *Regina* anker in Otagobaai, en 35 passassiers bestem vir Canterbury word aan wal geneem, insluitend "Robt. Laurie, wife and 4 children". Die gesin gaan woon in Winchesterstraat in Lyttelton (nou 'n voorstad van Christchurch), "in the most desirable part of this town and nearly fronting the New Lyttelton Church". Die *Church of the Most Holy Trinity* is in die jaar wat die Laurie-familie daar gwoon het, voltooi, en het vir 150 jaar bly staan, maar helaas nie die aardbewings van 2011 oorleef nie.

Robert Naylor Laurie het op 27 Julie 1859 gesterf aan 'n "diseased stomach", bes moontlik dieselfde kwaal omrede waarvan hy twaalf jaar tevore uit die leër ontslaan is. Sy vyfde seun is op 6 September 1859 gebore. Van die amptelike geboorteregister van Nieu-Seeland in daardie jare is slegs die gerekenariseerde indeksblaaie beskikbaar. Daarop word die pa se naam korrek gespeld, die ma s'n as "Consadine Wilhelmina" (heel herkenbaar) en die seuntjie s'n as "Samuel L." Dit klop glad nie met die naam Charles Frederick Newham Guise LAURIE (klaarblyklik vernoem na sy oom) waaronder hy in Suid-Afrika bekend gestaan het nie. Ek meen die transkribeerders het 'n fout gemaak, maar die geheim is nog nie ontrafel nie.

Die weduwee Laurie het haar huis op 'n openbare veiling op 28 Februarie 1860 verkoop en twee weke later met haar vyf kinders aan boord van die *Cashmere* met bestemming Londen gegaan. Anders as stoomsteepe, wat kon terugvaar via die Kaap, sou hierdie seilskip die "clipper route" rondom Kaap Hoorn moes neem, al langs die Suid-Amerikaanse kus opvaar, en met die Golfstroom na Engeland. Eers daar sou sy 'n ander skip na Suid-Afrika kon haal. Min vroue uit daardie tyd sou daarop aanspraak kon maak dat hulle reg rondom die wêreld geseil het, en dit nogal met vyf kindertjies.

Sy het eers na die Wynberg-area teruggekeer. Die baba sou (toe en nou) nie 'n tweede keer gedoop word nie; die toon van die geboortesertifikaat van 25 Januarie 1860 toe hulle nog in Nieu-Seeland was, sou genoeg wees. Sy het later hertrou met Hendrik Gideon VISSER en naby Piketberg gaan woon.

Dis duidelik dat die storie, deur geslagte heen oorgedra en weergegee deur Cornelis Pama, 'n romantiese verdigsel is, amper soos Julia se lugkastele oor haar en haar man se afkoms. Robert was nie 'n matroos nie, allermens 'n skeepskaptein. 'n Mens kan verstaan dat Wilhelmina

Laurie nie die ware feite aan haar jong telgies wou vertel nie, en sy het sekerlik haar skoonma se volle ondersteuning in die saak gehad.

Wie was die stamvader?

Die tipiese stamvader van 'n Afrikaanse familie se lewensgeskiedenis is iets van hierdie aard:

Jacob KRUGER (1690-1749). Arriveer in 1713 as soldaat op die "Middelwout". Werk as kneg by Willem ten Damme en Ernst Mostert. Word 'n lidmaat van die Kaapse kerk te Kaapstad op 13.2.1716 en 'n burger op 11.1.1718. Boer later in die Sandveld. Trou met Johanna(Jannetje) KEMP in Kaapstad op 01.05.1718. Twee seuns Jacob en Frans, een dogter Cecilia.

Die stamvader is buite Suid-Afrika gebore, het hier kom woon en 'n gesin begin. Talle families het meer as een stamvader, en dis nie ongewoon dat hulle broers is nie.

John Laurie het baie dieselfde aansprake op stamvaderskap as sy seun, en staan voor hom in die bloedlyn. Hy is elders gebore, en het 'n kind gehad (nie Robert nie) wat hier gebore en begrawe is. Daar is tot vandag toe Suid-Afrikaners wat van John afstam maar nie van Robert nie. As ons John nie as stamvader erken nie, sal ons Henry Alfred LAURIE se nasaat Arthur Hamilton LAURIE, wat in 1947 'n nageslag in Natal begin vestig het, ook 'n stamvader moet noem.

Nie John of Robert was ten tyde van hulle dood nog in Suid-Afrika woonagtig nie. Maar is permanente inwonerskap dan 'n vereiste? Die Lauries van my pa se geslag was doodgelukkig om as stamvader 'n man te aanvaar wat net kortliks 'n verposing aan die Kaap gemaak het ten einde 'n bruid te verwerf wat hy kon saamneem Nieu-Seeland toe.

Tog voel dit nie heeltemal reg nie. John het nooit bedoel om in Suid-Afrika te bly nie en sy ander kinders was Britte; Robert se emigrasie was weens omstandighede buite sy beheer en al sy kinders het Suid-Afrikaners geword.

Dalk is die beste manier om die kwessie op te los die vraag waarmee "Life of Pi" afgerond word. "Which story do you prefer? Which makes the better story?" Daaroor is daar vir my geen twyfel nie, en ek betaal graag die prys van 'n ekstra stamvader vir die Natalse Lauries.

Die eerste Robert Naylor Laurie — oudsoldaat, vindingryke vabond, onbegonne suikerboer, eertydse padbouer, kortliks tronkvoël, besorgde wederhelf — is op ouderdom 35 dood, sonder om enige merk op die samelewing agter te laat behalwe die verwekking van vier seuns en 'n dogter.

Maar wat 'n merk! Tot by 'n sesde geslag en nog is het einde niet, leef die presiese naam Robert Naylor Laurie voort, soms as drie voorname met 'n ander van. So ook Robert se wiskundige aanleg, taalvaardigheid en vindingrykeid: sy seuns was weliswaar almal boere, maar daarna volg daar in die manlike lyn aktuarisse, dokters, ingenieurs, predikante, rekeningkundiges, wetenskaplikes en wiskundiges.